# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**19 November 2023**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 18-1:1,12 en Psalm 116-1:1,7,9,10
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Sing:** Psalm 40-1:4
**Gebed**
**Skriflesing:** Romeine 12:1-8
**Fokus:** Romeine 12:1
**Preek:**




**Tema:**
*Godsdiens behels om op te offer!*

**Nagmaal**
(Sing terwyl tafel in gereedheid gebring word; Psalm 23-1:3)
(Sing na elke tafel; Psalm 100-1)

**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 308:1,2,3.4,5
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Thusofonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 2
26 November: Wyk 3
3 Desember: Wyk 4



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KERSPROGRAM VANAAND OM 18:30:**
Dit is vanjaar ons beurt om die jaarlikse Kersprogram aan te bied. Dit sal vind op vanaand om 18:30 in ons kerkgebou plaas.

**GEMEENTE-ETE MET NAGMAAL**
Weens die Kersprogram vanaand het ons nie vandag 'n gemeente-ete na nagmaal nie.

**LIEF EN LEED:**
- Sr. Edie Lonergan (082 473 7960) se ma, wat in Januarie 100 jaar oud geword het, is verlede Saterdag oorlede. Sy was ook die ouma van br. Peter Lonergan (079 884 3090) en die oumagrootjie van Peter en Marie se kinders, Peter jnr en Cameron. Ons innige simpatie aan hulle en hulle familie.
- Sr. Lorista van der Walt (083 273 4739) se ouma is verlede Sondag oorlede. Sy was ook die oumagrootjie van Hendrik en Lorista se kinders, Zandré en Eckard. Ons innige simpatie aan hulle en hulle familie.
- Daar is heelwat van ons lidmate wat die afgelope tyd verkoue of griep of brongitis gehad het of steeds het. Ons bid vir almal van hulle 'n spoedige herstel toe.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.

# Die Bybel

***13** Toe is kindertjies na Jesus gebring, sodat Hy hulle die hande
kon oplê en vir hulle bid. Maar die dissipels het hulle berispe. **14**
Jesus het egter gesê: "Laat die kindertjies begaan, en moet hulle
nie meer verhinder om na My te kom nie, want die koninkryk van
die hemele behoort aan mense soos hulle." ~ Matteus 19:13-14 ~*



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 25 November 2023

| | | |
|---|---|---|
| 19 November | Albert Burger | 082 924 5994 |
| 20 November | Hendrik Burger | 079 888 0907 |
| 20 November | Andes Duncker | 082 863 4399 |
| 20 November | Ansa du Toit | 083 280 3275 |
| 21 November | Hannelie Hoogendyk | 082 707 5703 |
| 22 November | Melmarie Lochner | 083 651 0379 |
| 24 November | Wilma Pieters | 082 719 1115 |
| 25 November | Kendra Kotze | 079 536 9515 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Romeine 12:1-8

***Lewende offers aan God***

**1** Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus
nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en
heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens. **2** Julle
moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander
word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onder-
skei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is.

***Gelowiges se optrede in die gemeente***

**3** Deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle dat
jy nie meer van jouself moet dink as wat jy behoort nie, maar dat jy jou
gedagtes daarop moet instel om verstandig te wees, volgens die maat
van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. **4** Want soos ons baie
ledemate in een liggaam het, en nie al die ledemate dieselfde funksie
vervul nie, **5** net so is ons, al is ons baie, een liggaam in Christus, en
individueel lede van mekaar. **6** Ons het gawes wat van mekaar verskil,
volgens die genade wat aan ons gegee is: As dit die gawe van profesie
is, beoefen dit dan in ooreenstemming met die geloof;
7 as dit is om ander te dien, gebruik dit dan vir dienswerk.
Wie onderrig kan gee, moet onderrig;
8 wie kan bemoedig, moet bemoediging gee;
wie mededeelsaam kan wees, moet dit met opregtheid doen;
wie leiding kan gee, moet dit met toewyding doen;
wie barmhartigheid kan betoon, moet dit met blydskap doen.

~ *Romeine 12:1-8* ~

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581)
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 060 366 0166 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Epos:** gkwelkom@telkomsa.net
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***35 Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die Here.***
***36 Maar hy wat my mis, benadeel sy eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief.*** *~ Spreuke 8 ~*

***Dit is partykeer die armste man wat vir sy kinders die rykste erflatings nalaat.*** *~ Onbekend ~*

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA